HSAG

***ENGLISH TEXT BELOW***

**NUUSFLITS | APRIL 2026.3**

## ’N KRITIEKE TYDSPUNT: REGSVORDERING, LIDMAATSKAP EN VOLGENDE STAPPE

Geagte HSAG-lid

Hierdie nuusflits fokus op drie kernaspekte wat tans van deurslaggewende belang is vir alle HSAG-lede:
**regsontwikkelinge, u lidmaatskapstatus, en die voortbestaan van die aksie.**

### 1. BELANGRIKE REGSONTWIKKELING: APPÈLHOF TREE IN

’n Beduidende en ongewone ontwikkeling het plaasgevind in die voortgesette litigasie.

Die **Hoogste Hof van Appèl (HHA)** het op 15 April 2026 toestemming verleen dat ’n aansoek om verlof tot appèl teen die uitspraak van Regter Crutchfield gebring kan word—ten spyte daarvan dat:

- die oorspronklike aansoek meer as **twee jaar gelede geweier is**; en
- daar steeds **geen geskrewe uitspraak** deur die Hooggeregshof gelewer is nie
-

Hierdie stap is uiters belangrik, aangesien dit bevestig:

- dat die saak **nie tot stilstand gedwing kan word** deur vertragings nie
- en dat daar steeds **regsweë beskikbaar is om vordering te verseker**

Dit is ’n duidelike aanduiding dat die saak **aktief bly en momentum behou**.

## 2. U REGSPOSISIE: HOEKOM HSAG-LIDMAATSKAP KRITIES IS

Die regsrealiteit is duidelik en kan nie versag word nie:

- Persone **buite die HSAG**, sonder bestaande vonnisse, se eise het in baie gevalle **verjaar**
- Dit beteken daar is **geen regtens afdwingbare remedie** oor nie

Selfs waar individue wel vonnisse verkry het:

- is hul vermoë om **derde partye aanspreeklik te hou** ernstig beperk

Die HSAG het deur strategiese litigasie (insluitend die **DECA-saak**) die deur oop gehou om:

- aanspreeklikheid **wyer as net Georgiou** te vestig
- en groter moontlike verhaal vir lede te verseker

Hierdie beskerming geld **slegs vir lede binne die HSAG-struktuur**.

## 3. AFSNYDATUM: 30 JUNIE 2026

Lede word hiermee formeel herinner dat:

**30 Junie 2026 ’n kritieke afsnydatum is**

Teen hierdie datum sal daar bepaal word:

- wie **aktiewe en opbetaalde lede** is
- en wie voortgaan om deel te wees van die aksie

Lede wat nie hul posisie betyds reël nie:

- loop die risiko om hul **voordele en deelname** te benadeel

Dit is noodsaaklik om **nou op te tree**, nie later nie.

## 4. DIE WERKLIKHEID: BEFONDSING EN VOLHOUBAARHEID

Die HSAG is tans afhanklik van ’n **klein groep lojale, opbetaalde lede** wat die aksie finansieel dra.

Dit is die realiteit:

- Sonder befondsing kan litigasie **nie voortgaan nie**
- Sonder voortsetting is daar **geen moontlike verhaal nie**

Hoewel:

- meer as **80% van oorspronklike lede steeds deel is van die groep**, rus die finansiële las op **’n beperkte kern wat slegs ‘n fraksie van die huidige groep is**

Dit is nie volhoubaar op die lang termyn nie.

Elke bydrae dra direk by tot:

- die voortsetting van hofprosesse
- die ondersoek van eise
- en die beskerming van lede se regte

## 5. ’N OPROEP TOT VERANTWOORDELIKHEID EN EENHEID

Die HSAG is gebou op ’n eenvoudige maar kragtige beginsel en befondsing model:

**Ons sterkte lê in ons eenheid**
Hierdie eenheid vereis egter:

- deelname
- verantwoordelikheid
- en volgehoue ondersteuning

Vir elke aanspraak is daar ook ’n verpligting.

Die HSAG bly verbind daartoe om:

- lede se belange te beskerm
- en die saak met vasberadenheid voort te sit

Maar die sukses van hierdie aksie hang uiteindelik af van:

**die kollektiewe betrokkenheid van sy lede**

**SLOT**

Die situasie is duidelik:

- Die saak beweeg vorentoe
- Die regsposisie bevoordeel HSAG-lede
- Maar tyd en deelname is nou krities

Lede word versoek om hul posisie ernstig te oorweeg en betyds op te tree.

**AFRIKAANS HIERBO**

**NEWSFLASH | APRIL 2026.3**

**A CRITICAL JUNCTURE: LEGAL PROGRESS, MEMBERSHIP, AND NEXT STEPS**

Dear HSAG Member

This newsflash focuses on three key aspects that are currently of critical importance to all HSAG members:
**legal developments, your membership status, and the continued sustainability of the action**.

## 1. IMPORTANT LEGAL DEVELOPMENT: SUPREME COURT OF APPEAL INTERVENES

A significant and unusual development has taken place in the ongoing litigation.

**The Supreme Court of Appeal (SCA)** has granted on 15 April 2026 permission for an application for leave to appeal to be brought against the judgment of Judge Crutchfield —despite the fact that:

the original application was **dismissed more than two years ago**; and
**no written judgment** has yet been delivered by the High Court

This step is highly important, as it confirms:

that **the matter cannot be brought to a standstill** due to delays; and
that **legal avenues remain available** to ensure progress

This is a clear indication that the matter remains active and continues to gain momentum.

## 2. YOUR LEGAL POSITION: WHY HSAG MEMBERSHIP IS CRITICAL

The legal reality is clear and cannot be softened:

**Persons outside the HSAG**, without existing judgments, have in many cases seen their claims prescribe

This means there is **no longer any legally enforceable remedy** available

Even where individuals have obtained judgments:
their ability to pursue **claims against third parties** is significantly limited

Through strategic litigation (including the **DECA case**), the HSAG has kept the door open to:

extend **liability beyond Georgiou** alone; and

maximise potential recovery for members

This protection applies **only to members within the HSAG** structure.

## 3. CUT-OFF DATE: 30 JUNE 2026

Members are hereby formally reminded that:

**30 June 2026 is a critical cut-off date**

By this date, it will be determined:

- who are **active and fully paid-up members**; and
- who will continue to participate in the action

Members who do not regularise their position in time:
risk prejudicing their **participation and associated benefits**

It is essential to **act now**, not later.

## 4. THE REALITY: FUNDING AND SUSTAINABILITY

The HSAG is currently sustained by a **small group of loyal, paying members** who carry the financial burden of the action.

The reality is:

- Without funding, litigation **cannot continue**
- Without continuation, there can be **no recovery**

Although:

more than **80% of original members remain part of the group**,
the financial burden rests on a **limited core which is a fraction of the current group**.

This is not sustainable in the long term.

Each contribution directly supports:

- the continuation of court proceedings
- the investigation of claims
- and the protection of members' rights

## 5. A CALL FOR RESPONSIBILITY AND UNITY

The HSAG is built on a simple but powerful principle and funding model:

**Our strength lies in our unity**

However, this unity requires:

- participation
- responsibility
- and sustained support

For every claim, there is also a corresponding obligation.

The HSAG remains committed to:

- protecting members' interests; and
- pursuing the matter with determination

But ultimately, the success of this action depends on:

**the collective involvement of its members**

## CONCLUSION

The situation is clear:

- The matter is progressing
- The legal position favours HSAG members
- But time and participation are now critical

Members are urged to carefully consider their position and act without delay.

**Kind regards**

**HSAG Steering Committee**

**Contact the HSAG's attorneys at:**

**Tel: (021) 887 7877 hsactiongroup@gmail.com**